BEELD
Monday, 12 October 2009, p. 1

Rower druk verkeerde knoppie, ontbied self wag

Cobus Coetzee

'n Huisrower wat die naweek by 'n voormalige *Beeld*-rugbyskrywer se huis toegeslaan het, het per ongeluk self die veiligheidsmaatskappy ontbied.

Ongelukkig het die ses rowers die veiligheidswag wat in reaksie daarop opgedaag het, ook oorrompel en erg aangerand.

Hennie Brandt het sy en sy vrou, Carien, se motors eergister om 08:30 uit die motorhuis getrek om vir haar balletklas voor te berei.

"Toe ek weer sien, het gewapende ouens agter my met 'n ligblou Mercedes gestop en vir my gesê: 'Hou jou bek en bly kalm', " het Brandt gister gesê.

Die mans het hom na die huis gedwing. Hulle het hom, sy vrou en hul tuinwerker genaamd Captain vasgebind en op die vloer van die hoofslaapkamer laat lê.

Brandt en sy tuinwerker is verskeie kere geslaan, geskop en met die dood gedreig.

Een van die aanvallers wou die motorhuis se deure later toemaak, maar hy het die noodknoppie in plaas van die afstandbeheer gedruk.

Toe 'n veiligheidswag van Alpha-sekuriteit opdaag, het die rowers hom ook oorval en aangerand.

Die rowers het TV-stelle, radio's, 'n rekenaar en gholfstokke gevat en met Brandt se Nissanbakkie en sy vrou se Nissan Micra weggejaag.

Matrix het albei voertuie binne 'n halfuur in Alexandra opgespoor.

Brandt skat die aanvallers was tussen 16 en 35 jaar oud. Die rooftog het sowat 35 minute geduur.

Beeld
Veg vir gesin en sterf